# Geopende *Deure* NUUSBRIEF

Vervolg Maar nooit alleen.



Christusfees om die wêreld

**NOVEMBER/ DESEMBER 2020**

Daniela en haar familie is danksy jou veilig, bl. 2 | Kersfeeswense van kinders in Irak, bl. 3 | Kersfeesvieringe in Colombië, bl. 4-5 | "Jesus is altyd by my", bl. 6 | Dankie dat jy by jou familie in Christus regoor die wêreld staan! bl. 7



# Daniela en haar familie is danksy jou veilig

Weens hul liefde vir Jesus, sal daar hierdie Kersfees ŉ leë sitplek aan die Salcedo-familie in Colombië se tafel wees.

In Colombië tree die dwelmbase en rebelle (wat dikwels dieselfde mense is) soos wettelose krygsmanne op. Enigeen wat hulle teëgaan, betaal ŉ swaar prys.

Daniela (12), haar broer Sebastian (5) en moeder, Alba, het hul pa en man, pastoor Plinio, verloor. Pastoor Plinio is doodgeskiet terwyl hy in sy wiegstoel in die familie se woonkamer gesit het. Alba en Daniela sal nooit vergeet wat hulle gesien het nie.

Pastoor Plinio was, soos baie ander Christene, ŉ bedreiging vir hierdie groepe se aktiwiteite waardeur hulle kwesbare jongmense werf vir hul vuilwerk. Die moord op Daniela se pa was ŉ waarskuwing aan Christene om aktiwiteite te staak wat mense help om hul verslawings te oorkom, asook pogings om jongmense te verhoed om deur rebellegroepe gelok te word.

Dit was moeilik vir die familie en veral vir Daniela, wat sukkel om haar gevoelens uit te druk. Toe Daniela gevra is wat die moeilikste vir haar is, het sy geantwoord: *"Wanneer ek aan my pa dink."*

Danksy jou ondersteuning, is Daniela en haar familie verlede jaar na Geopende Deure se Kindersentrum in Colombië geneem om hulle ŉ wegbreek te gee van die hartseer en isolasie, en om traumasorg te ontvang en Kersfees te vier.

By die sentrum het Daniela *"vir die eerste keer in ŉ lang tyd goed gevoel… Ek het ook geleer dat Jesus ons help om moeilike tye deur mense en gebed te oorkom."*

Geopende Deure het ook vir hulle ŉ nuwe huis in ŉ baie veiliger gebied gereël. *"Dit was slegs moontlik deur die gebede en geskenke van ons ondersteuners,"* sê ŉ Geopende Deure-veldwerker.

*"Alba, Daniela en Sebastian het danksy julle verhuis en is nou in ŉ veiliger plek."*

Daniela is dankbaar vir almal se gebede en liefde. *"Dis baie belangrik om te weet dat mense regoor die wêreld hierdie Kersfees vir my en my familie bid. Ek is uiters dankbaar hiervoor,"* sê sy.

Dankie dat jy help om aan baie families soos Daniela s'n sielkundige en pastorale ondersteuning, finansiële hulp en bystand met hul lewensonderhoud te bied. Jou liefde wys aan hulle dat hulle nooit alleen is nie.

# Kersfeeswense van kinders in Irak

Sedert 2003 ondersteun Geopende Deure die Kerk in Irak deur plaaslike vennote. Die Kerk het ons steeds nodig omdat dit erg verswak is weens swaar vervolging die afgelope paar jaar, en veral die gedwonge massaverplasing van baie Christene deur die sogenaamde Islamitiese Staat (ISIS).

Met Kersfees om die draai, het baie van ons en veral klein kindertjies spesiale wense. So wat wil ŉ jong kind in Irak vir Kersfees hê? Is dit die nuutste rekenaarspeletjie? Dalk ŉ nuwe troeteldier? Of selfs ŉ blink nuwe speelding?

Ons het met Christen-kinders gepraat wie se families na Erbil moes vlug om die gevaar van ISIS in Mosul te vermy. Baie van hulle kan skaars hul tuisdorpe onthou en kan nie weer soontoe terugkeer nie omdat dit nog te gevaarlik is. Hul Kersfeeswense onthul die soort wêreld waarin hulle gedwing word om op te groei.

***"Ek bid dat daar geen terroriste in die wêreld sal wees nie, sodat ons in vrede kan leef,"*** sê Fakhri (11).

Dima (9) sê: ***"Ek vra die Here om my kerk in Irak te beskerm."***

***"Ek wens dat mense veilig en in vrede kan leef,"*** deel Sam (10).

Een van die kinders in die koor, Mark (10), sê: ***"Ek wens ek kon teruggaan na my kerk in Mosul."***

Lydia (10) en Marina (8) sal graag, soos ander kinders in die wêreld, in liefde en vrede wil leef.

Hoewel hul Kersfeeswense hartverskeurend is, is ons dankbaar dat ons by hierdie kinders se lewens betrokke kan wees – alles te danke aan jou ondersteuning! Ons ondersteuning het hierdie kinders en hul families oor die jare van noodleniging, kindervriendelike areas, traumasorg en onderwys voorsien, en het hul ouers gehelp om klein besighede te begin. Jou ondersteuning en gebede maak hierdie werk moontlik.

Hou asseblief aan om dié Kersfees vir hierdie kinders en hul families te bid. Vra God om hulle veilig te hou, in hulle behoeftes te voorsien en hulle te help om waarlik te weet wat "Immanuel" beteken – dat God by hulle is.


















# Kersfeesvieringe in Colombië

**Kersfees is een van die belangrikste tradisies van die Christelike geloof. Ons vier dit dalk verskillend, maar dit verbind ons as ŉ familie wat saam die geboorte van ons Redder, Jesus Christus, meer as 2 000 jaar gelede vier. In die lig hiervan het ons aan jong Christene in Colombië gevra hoe hulle Kersfees vier en wat dit vir hulle beteken…**



*"Vir my beteken Kersfees dat Jesus aarde toe gekom het. Dit gaan oor deel met familie, om liefde te wys en saamwees. In die kerk het ons ŉ waaktyd waar ons bid. Ons versier nie ons huise nie, want ons het nie geld nie."*
**Timóteo (18)**



*"Ek onthou dat dit nog altyd ŉ tyd was wanneer familie bymekaar kom en deel. En dis wat Kersfees vir my beteken: Deel met familie."*
**Anny (13)**



*"Ons vier Kersfees as ŉ familie. Ons kom op 24 Desember bymekaar, eet en vertel stories. Dis soos ŉ familiereünie. Hierdie tydperk is vol dankbaarheid omdat God my nog ŉ jaar gegee het en ek die geboorte van Jesus kan vier – dat Hy as ŉ mens geleef het en vir ons gesterf het."* **Abnober (22)**

*"Ons versier nie ons huis nie. Ons hou ŉ waaktyd by die kerk op die 24ste tot middernag en soms regdeur die nag. Op die 25ste keer ons terug na die kerk vir ŉ diens. Dan stap ons na die rivier en geniet middagete saam met ons familie. Dit is ŉ tyd van rus, waartydens ons die Here vir die afgelope jaar bedank en vir die komende jaar voorberei."*
**Oscar (19)**



## Bring troos en vreugde hierdie Kersfees

**Die Kersseisoen is een van die moeilikste tye vir vervolgde Christene. In sommige lande word Christene verbied om Kersfees te vier, terwyl hulle in ander lande verhoogde vervolging ervaar in hierdie seisoen.**

**Vandag kan jy hulle help om troos en vreugde hierdie Kersfees en regdeur die jaar te ervaar, deur te help om ŉ doelwit van R1 984 000 te bereik. Jou geskenk en gebede sal vervolgde families help om die beskerming, sorg en ondersteuning te ontvang wat hulle nodig het om te floreer.**

Christusfees om die wêreld

**Besoek www.opendoors.org.za/kersfees om hulle vandag te seën!**

# "Jesus is altyd by my."

Bijli* (10) van Bangladesj staan alleen op die skoolterrein, terwyl sy ŉ figuur van ŉ meisie wat soos sy lyk op die grond teken. Sy teken ook vriende vir die denkbeeldige meisie, wat almal groot glimlagte het.

ŉ Paar meisies nader Bijli en vra haar wat sy doen. Sy stamel: *"Ek is besig om te teken…"* Een van die meisies trap op haar tekening en laat die glimlaggende gesigte verdwyn.

*"My ma sê jy en jou familie is heidene,"* sê ŉ ander meisie. *"Ons is nie heidene nie,"* sê Bijli en

(Vervolg op bladsy 6)

(Vervolg van bladsy 5)

begin huil.

*"Sê jy my ma lieg?"* vra die meisie en stamp Bijli om. Die meisies lag en hardloop weg, terwyl Bijli met ŉ betraande gesig op die grond bly lê.

Weens haar familie se geloof in Christus, het Bijli ondanks haar jeugdige ouderdom reeds die pyn van verwerping en isolasie in hulle dorp met sy Moslem-meerderheid ervaar.

*"Sedert ons Islam verlaat het, wil niemand met ons praat en meng nie,"* sê haar pa, Badol*. Dit is baie moeilik vir Bijli, wat net haar broer, Mohon* (5), het om mee te speel omdat haar vriende nie met haar wil speel nie.

Gelukkig het Bijli en haar familie elke jaar die geleentheid om saam met baie ander Christen-families weg te kom van die isolasie in hul gemeenskappe en bymekaar te kom om die geboorte van Jesus Christus te vier. Hier kan sy met kinders van haar ouderdom speel.

Dit beteken baie vir hulle om, te danke aan jou ondersteuning en gebede, vir hierdie feesvieringe bymekaar te kom. Badol sê: *"Ek wil almal bedank wat aan ons die geleentheid gee om hierheen te kom."* Bijli sê: *"Ek wil al my ooms en tantes, wat die program gereël het, bedank."*

Bijli is ŉ paar dae na die feesvieringe terug op die skoolterrein, besig om op die grond te teken. Hierdie keer teken sy iemand anders langs haar – ŉ lang man met ŉ baard en ŉ groot glimlag. Sy glimlag wanneer sy aan die musiek en gedans by die Kersfeesvieringe terugdink, en herinner haarself aan wat sy geleer het: *"Jesus is altyd by my."*

*Name verander vir sekuriteitsredes.



**"Jesus is altyd by my."**
**Bijli* (10) van Bangladesj**

# Dankie dat jy by jou familie in Christus regoor die wêreld staan!

Hierdie was ŉ moeilike jaar vir baie van ons en ook vir die vervolgde Kerk. Ons is dankbaar dat jy, ondanks jou eie uitdagings, aangehou het om getrou by ons vervolgde familie te staan deur jou gebede en geskenke. Jy het hulle baie gehelp terwyl hulle vir die Naam van Christus in die voorste linies gely het. Dit is wat jou ondersteuning vanjaar vir sommige van hulle beteken het:

## Afrika



Verteenwoordigende foto gebruik.

*"Dankie aan die broers en susters wat ons gehelp het om die kliniek weer aan die gang te kry. Jul donasies is broodnodig terwyl ons herbou. Mag God julle oorvloedig seën."* – Dr Samuel, wie se dorp deur Boko Haram aangeval is

## Latyns-Amerika



*"Al die hulp wat ons van Geopende Deure ontvang het, is baie handig. Die ding waarvoor ek die dankbaarste is, is die onderrig. Ek het geleer hoe om weerstand te bied in die middel van ŉ storm. Ek het ook geleer dat ons nie alleen in hierdie situasie is nie."* – Asuncion, Mexiko

## Midde-Ooste



*"Ek wil almal bedank wat ons ondersteun het en wil vra dat julle aanhou om ons te ondersteun, omdat ons as ŉ Kerk iemand nodig het om ons by te staan. Ons kan ons bediening met jul ondersteuning voortsit en die Woord van die Here versprei."* – Dalia, Irak

## Asië



*"Dankie aan elkeen wat vir my familie bid en hulle in hierdie tyd van vervolging en probleme finansieel ondersteun. Ek dank God omdat ek in staat is om beproewinge en ons familie se moeilike situasie met behulp van jul ondersteuning te oorkom."*
– A Dhon*, Viëtnam

*Naam verander vir sekuriteitsredes.

# VANUIT JAN SE PERSPEKTIEF

Liewe vennoot van die vervolgde Kerk

Oral ter wêreld is die Kersseisoen ŉ tyd wat ons saam met familie en vriende spandeer. En wanneer ons nie fisies by hulle kan wees nie, stuur ons boodskappe van liefde en bemoediging. Dis ook die tyd wanneer ons geliefdes wat nie meer by ons is nie, die meeste mis. En dis ŉ tyd wanneer ons herinner word aan wat werklik belangrik is.

Ons lees in Prediker 3:12: *"Ek het tot die insig gekom dat daar vir ŉ mens niks beter is nie as om vrolik te wees en die goeie van die lewe te geniet."* Dit is veral waar gedurende Kersfees, aangesien baie mense in dié seisoen ophou om op hulself te fokus en begin om op ander te fokus en goed te doen.

Wanneer ek na vanjaar terugkyk, wil ek elkeen van ons vennote bedank vir die goeie wat jy vir ons familie in Christus gedoen het met jou gebede en ondersteuning regdeur die jaar. Dit was ŉ moeilike jaar, veral weens die pandemie, maar jy het by hulle gestaan. Mag God jou seën vir jou liefde vir ons familie in Christus.

My hart gaan in hierdie seisoen uit na ons familie in Christus in lande waar vervolging plaasvind. Baie van hulle bid vir vrede, want dis ŉ tyd van erger vervolging. Ander, soos die Salcedo-familie (bl. 2), onthou hulle geliefdes wat doodgemaak is omdat hulle geglo het in ŉ Baba wat tydens Kersfees gebore is.

Terwyl ons uitsien daarna om tyd saam met ons geliefdes te spandeer, hou asseblief aan om vir ons vervolgde familie te bid. En indien jy in staat is om te gee, seën hulle asseblief hierdie Kersfees (sien bl. 5). Kom ons hou aan om hulle daaraan te herinner dat hulle ondanks vervolging nooit alleen is nie!

Saam in Sy diens



Jan Gouws
Uitvoerende Direkteur
Geopende Deure Suider-Afrika

**Posbus 1771, Cresta, 2118**
**T** +27 11 888 9341
**F** +27 11 888 9362
**E** southafrica@od.org
**I** www.opendoors.org.za

**Open Doors South Africa**

Bankbesonderhede: Suid-Afrika, **Geopende Deure - Open Doors, Absa - Northcliff (632005), Rekeningnr. 160340568 Geopende Deure - Open Doors, Nedbank Besigheidsrekening (198765), Rekeningnr. 113 750 4552**
Bankbesonderhede: Namibië, **Open Doors Namibia, Nedbank - Windhoek (461609), Rekeningnr. 1-2000-23847-1**
(Faks asseblief die bewys van betaling na: **+27 11 888 9362**)
Saamgestel deur Geopende Deure Suider-Afrika.
Inligting korrek by ter perse gaan. Geen reproduksie sonder toestemming nie. Kontak Milandré by milandreh@od.org
**REG # 2004/023397/08 | Drukwerk deur Resolution Litho**